

10 Junie

Skrifgedeelte: Matteus 17:24-27
Fokusgedeelte: Matteus 17:24-27

Die geldstuk in die vis se bek

Nadat Jesus die tweede keer sy dood en opstanding vir sy dissipels aangekondig het, kom hulle in Kapernaum aan. Alle Joodse mans tussen 20-50 jaar oud moes jaarlikse tempelbelasting van twee dragma aan Rome betaal vir die instandhouding van die tempel en tempeldiens. Die amptenaar wat die belasting invorder, het nou gesuggereer dat Jesus 'n reputasie het dat Hy nie aan die sosiale verwagtings van die samelewing voldoen nie. Hy gaan toe na Petrus: *“Wat van julle leermeester? Betaal hy dan nie tempelbelasting nie?”* En weer antwoord Petrus sonder om te dink: *Ja, natuurlik!* Jesus het egter geweet wat gebeur het. En toe Petrus in die huis kom waar Jesus was, vra Hy vir Petrus: *“Simon, hoe dink jy: Van wie vorder die konings van die wêreld tol of belastings in? Van hulle seuns of van ander mense?”*

Die *eerste punt* wat Jesus tuisbring, is die feit dat Hy die Seun van God is, en dat Hy nie tempelbelasting hoef te betaal nie, want die tempel is immers sy Vader se huis (vgl. Luk. 2:49; Joh. 2:16). En, as die Seun van God is Hy groter as die tempel (Matt. 12:5-6).

Die *tweede punt* wat Jesus uitlig, is dat mens nie ander mense moet aanstoot gee en vir hulle 'n struikelblok wees wat hulle laat sondig nie – wie jy ook al is! Al hoef Jesus dan nie tempelbelasting te betaal nie, aangesien Hy in elk geval die Voorsiener is, sal Hy nie aanstoot gee aan ander mense wat nog nie sy Koningskap verstaan nie.

Derdens wys Hy Petrus dat Hy die Een is wat voorsien, maar dat hy wat Petrus is, gehoorsaam moet wees en tot aksie oorgaan en die vis gaan vang. Jesus maak weer 'n keer sy Koningsheerskappy as Seun van God aan Petrus duidelik, deurdat hy 'n vis sal vang met 'n silwer muntstuk in sy bek – wat dan genoeg sal wees om hulle belasting te betaal!

Uit hierdie gedeelte leer die Here ons dat ons onself meer en meer aan sy Koningskap moet onderwerp; óók dat ons nie moet aanstoot gee deur in ons optrede vir ander 'n struikelblok tot sonde sal wees nie; en ook dat ons moet vertrou dat Hy as ons Koning in al ons behoeftes voorsien, maar dat ons met verantwoordelikheid moet lewe en ons werk getrou sal doen.

Sing: Skrifberyming 17-1:1, 5, 6

Ds. OA Oosthuizen (Windhoek-Suid)